**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2023 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester *(waarnemende Voorsitter)* |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste (*waarnemende Munisipale Bestuurder)* |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. EJ Bothma | : | Hoof: Siviele Dienste (Porterville) *(waarnemende Direkteur: Tegniese Dienste)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN046/08/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die waarnemende Voorsitter verwelkom almal by die vergadering waarna Raadslid Daniels die vergadering open met 'n gebed.

***

**BKN047/08/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester - Ander munisipale verpligtinge (PCF in Plettenbergbaai)
Munisipale Bestuurder - Ander munisipale verpligtinge (PCF in Plettenbergbaai)
Direkteur: Tegniese Dienste - Ander munisipale verpligtinge (opleiding)

***

**BKN048/08/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Raadslede verklaar hul kollektiewe belange by item **BKN057**.

***

**BKN049/08/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN050/08/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**

Geen

***

**BKN051/08/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN052/08/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**
***(Die "Loss control register" word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die waarnemende Voorsitter lei die item in.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN053/08/2023**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die waarnemende Uitvoerende Burgemeester en waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Dat die Interne Ouditeur, me. C Ranna, se laaste werksdag Woensdag 30 Augustus 2023 sal wees en bedank die waarnemende Voorsitter en waarnemende Munisipale Bestuurder vir haar goeie diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek. Voorts wens hul haar sterkte en voorspoed toe met haar toekomsplanne. Die waarnemende Voorsitter gee geleentheid aan die Interne Ouditeur om 'n afskeidswoord en 'n woord van dank aan almal te rig, waarna sy die Uitvoerende Burgemeester en Komitee Dienste uitsonder in haar woord van dank.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN054/08/2023**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN055/08/2023**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN056/08/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: VULLIS-OUDIT (EKSTERNE)</u>**
**16/6/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat kennis geneem word van die ouditverslag van DEAD&P oor die stortingsterrein van Redelinghuys (Aanhangsel A) asook die aksieplan om te voldoen aan die nie-nakoming daarvan; en

2. Dat kennis geneem word van die ouditverslag, soos opgestel deur Delta Built Environment Consultants (PTY) LTD, van die stortingsterreine te Piketberg, Redelinghuys, Porterville en Aurora alvorens die verslae aan DEAD&P voorgelê kan word. (Aanhangsels C-F).

***

**BKN057/08/2023**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: IMPLEMENTERINGSPLAN / PROSESPLAN: AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**4/3/3**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in meld dat die datum reggestel moet word wat die Aanstellingspaneel vergader om die finale kortlys saam te stel vir Vrydag 22 September 2023 om 10:00.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die moontlikheid ontstaan dat die Raadsvergadering van September 2023 moontlik verskuif kan word, maar dat die Speaker die nodige kommunikasie aan Administrasie so spoedig as moontlik sal deurgee.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Implementeringsplan / Prosesplan: Aanstelling Van Direkteur Finansiële Dienste / Hoof Finansiële Beampte vir Bergrivier Munisipaliteit goedkeur, met die regstelling op die datum soos bespreek.

***

***(Die waarnemende Voorsitter reël dat item BKN058 na afloop van die oop agenda hanteer word)***

**BKN059/08/2023**
**BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN BESIGHEIDSKORWE**
**14/2/2/1**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat kommunikasie ‘n “checklist” saamstel wat benodig word vir kommunikasie met die publiek.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vertraging in die proses vir die toekenning van die stalletjies;
2. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste ‘n volledige uiteensetting doen van die probleme by die stalletjies in Porterville, regstellende aksies wat in plek gesit moet word asook ‘n nuwe voorgestelde datum vir die toekenning van stalletjies in Porterville en dit voorlê by die volgende Formele Direksie soos geskeduleer vir Maandag 11 September 2023 en Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 19 September 2023; en;
3. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat Piketberg se stalletjie toekenning voortgaan.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE (11/09/2023 & 19/09/2023)***

***

**BKN060/08/2023**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JULY 2023**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste bevestig dat die direktoraat Finansiële Dienste se opdaterings gedoen en afgehandel is.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for July 2023.

***

**BKN061/08/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN062/08/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN063/08/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**
**5/15/2**

Geen

***

**BKN064/08/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**
**5/15/2**

Geen

***

**BKN065/08/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN066/08/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN067/08/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***(Die waarnemende Voorsitter verskoon die Direksie (die waarnemende Munisipale Bestuurder uitgesluit) vir die bespreking van die onderstaande item waarna 'n koukus toegestaan word vanaf 09:53 tot 10:15)***

**BKN058/08/2023**
**RAADSLIDVERGOEDING**
**5/11/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Voorsitter lei die item in. Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing R.2126 soos afgekondig in Staatskoerant 49142 gedateer 18 Augustus 2023, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 3 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2022/23 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel A tot hierdie verslag;

2. Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2022/23 en 2023/24 bedryfsbegroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek. Die Raad verleen gevolglik goedkeuring vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 01 Julie 2022 ten aansien van vorige raadslede wat nie herverkies is nie, herverkose raadslede, en nuut verkose raadslede, met ingang vanaf 09 November 2021 (met een Raadslid vanaf 25 Julie 2023).

3. Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde laasgenoemde se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;

4. Dat die Munisipale Bestuurder haar vergewis dat die inligting wat in terme van Item 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word, teen nie later nie as 18 September 2023 (So spoedig moontlik); en

5. Dat die Artikel 79 deeltydse Raadslede weggelaat is in die huidige Staatskoerant en dat Administrasie getaak is om ‘n rekonsiliasie te doen van die vergoeding en dienooreenkomstig terugrapporteer oor die aangeleentheid.

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:21***

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_____________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***